“Short snippets of news”

Derek van Heerden

Weeklikse Nuusbrief

Weeklikse nuus en informasie

Soos julle weet het ons die afgelope tyd probeer om bietjie meer aktiwiteite by die klub te doen soos byvoorbeeld die “skills” dag en toe die potjie dag maar die belangstelling was maar baie min. Ons poog om werklik ons lede te betrek en bietjie meer gesellig te kuier.

Ons gaan die volgende probeer:

Vrydag die 18de gaan ons ‘n “sundower” speel wat net 5 putjies insluit – 1,2,7,8 en 9.

Die kostes sal wees R 20.00 per speler wees waarvan R10.00 gaan vir prysgeld. Ons wil in die omgewing van 17H30 afslaan.

Na afloop van die “sundower” wil ons dan ook almal nooi vir ‘n pizza aand by die klub.

Om te weet hoeveel pizza’s ons moet voorberei vra, ek u dat u naam op die afslaan lys sal plaas.

Die pizza aand is nie net vir die persone wat speel nie maar oop vir enige iemand wat hulle familie en vriende wil nooi.

Kyk gerus uit na ons spyskaart waarop ons die pizza’s gaan byvoeg. Die pizza’s sal deel van die “BAR LUNCH” wees en nie by halfweghuis tussen rondtes beskikbaar wees nie.

Woensdae

Kom geniet gerus ‘n lekker bord kerrie hoender teen R50.00 komende Woensdag die 9de. Die kerrie sal vanaf 13H00 beskikbaar wees en vir extra bestellings moet u asb. by SeaView bespreek.

Ons sal ook vanaf 10H00 reg staan met die dag se spesiale aanbiedinge wat dan Hamburger, Hoender Burger en Herders pastei met slaai sal wees teen R 30.00

Ons is besig om ons halfweghuis reg te kry vir Desember en gaan geen spyskaart bestellings vat tussen rondtes gholf nie. Die doel van die oefening is om te verseker dat die veld redelik vinnig vloei. Ons gaan beslis kyk na ‘n verskeidenheid disse en sal in die volgende paar weke daar deur werk. Ondersteun gerus die projek en gee asb. terugvoer en voorstelle om die halfweg huis te verbeter. Ons poog om so goed en vinnig moontlik die veld te laat draai tussen 9’s.

Suidkaap Dames

Geluk aan Magda en haar span wat weereens ‘n puik diens gelewer het in die Suidkaap Dames Seniors kompetisie waar Mosselbaai die gasheer was.

Ek het met ‘n hele paar van die dames gesels en hulle was dit eens, die verwelkoming met Cia by die motors wat help met die stokke en die glimlagte by die Klubhuis, was vir hulle ‘n besonderse ervaring. Die baan het hulle ook terdee geniet het om op te speel.

Bemarking

Sunell gaan nou voltyds werk aan die bemarking van die Klub en glo dit sal binnekort vrugte af werp. Ons beplan om ons Facebook blad te verbeter en gereelde nuus daarop te deel asook om in die Gholf Digest ‘n artikel oor die baan plaas. Kyk uit daarna op die uitgawe wat uitkom die 19de Desember.

Gaan “like” ons gerus op Facebook

Tannie Jackie Gerber se gholf karretjie met die naam, “Plaas-lorrietjie”